labels on medicine bottles. Contemplative prayer is not for the novice. I do not say this of any other form of prayer." (***Prayer: Finding The Heart's True Home***) Wow!! Wanneer het Jesus geleer dat ons eers gebede van beskerming moet bid voordat ons tot ons hemelse Vader in gebed kan nader? As kontemplatiewe gebed dan so gevaarlik is soos hierdie kenner waarsku waarom sou jy enigsins die kans vat en na hierdie dwaalleraars, waarvan Nicol blykbaar een is, luister?

Nicol erken op bladsy 91 die bestaan van 'n waarnemer (ís dit 'n geesgids?): "…daar is 'n *waarnemer* wat sien dat jou aandag dit [stil bly] doen. Moenie die waarnemer as 'n polisieman beleef nie. Hy is 'n vriend, 'n bevryder, want hy help jou om jou sagkens van die ander gedagtes los te maak, sodat daardie gedagtes jou nie rondjaag nie." Binne die okkultisme, New Age en Oosterse godsdienste word na hierdie verskynsels as geesgidse (spirit guides), wat niks anders as demone is nie, verwys. Praat maar met enige ex-Hindoe wat losgekom het van hierdie praktyke deur die genade en bloed van Jesus Christus en hy/sy sal jou kan vertel van die rampspoedige gevolge waartoe hierdie gidse jou kan lei. Ek glo die woorde van iemand wat hierdie misleidende okkultiese pad geloop het, ex-New Ager Randall N Baer, is terdeë van toepassing: "One night while meditating, my spirit was roaming some of the farthest reaches of "heavenly light" that I had ever perceived… During this experience I was surrounded by a virtually overwhelming luminosity—it was like looking straight into the sun. Waves of bliss radiated through my body. I was totally captivated by this power. Suddenly, another force stepped in. It took me by complete surprise. In the twinkling of an eye, it was like a supernatural hand had taken me behind the scenes of the experience that I was having. I was taken behind the outer covering of the dazzling luminosity and there saw something that left me literally shaking for a full week. What I saw was the face of devouring darkness! Behind the glittering outer façade of absolute hatred and unspeakable abominations—the face of demons filled with the power of Satan…" (Randall N. Baer, ***Inside The New Age Nightmare***, Huntington House, 1989:55-56) Deur onbegryplike genade het Jesus Christus op hierdie stadium ingegryp en aan Randall getoon wie hom mislei—Satan; vals engel van lig. Dit het tot sy verlossing en die skryf van hierdie boek gelei.

Madam Guyon sê, mens moet van die Skrif gebruik maak. Lees eers 'n gedeelte. Wanneer jy van die Here se teenwoordigheid bewus word, is die gelese gedeelte nie meer belangrik nie—dit het sy doel gedien, dit het jou gedagtes stil gemaak en jou tot by Hom gebring. Jy moet onthou dat jy nie gelees het om te verstaan nie, maar om jou gedagtes na binne te keer—na jou dieper self.[3.] Jy is nie besig om te leer uit dit wat jy lees nie, maar om God te ervaar.

Hieronder is vier botteltjies wat elk 'n mengsel van arseen bevat. 1%; 5%; 20% en 50%. Van watter een sal jy wil drink? Dit is presies wat hierdie voorstanders van kontemplasie doen: Sit aan jou 'n mengsel van gif voor—dit mag dalk nie baie sterk wees nie, maar dit sal nog steeds die dood (geestelik natuurlik) veroorsaak Wil jy die risiko loop?

LECTIO DIVINA:

Die praktyk van lectio divina word op een of ander stadium deur die *kontemplatiewes* aangeraak.

Kortliks kom dit daarop neer dat jy uit die gelese gedeelte vir jou 'n woord of kort frase kies waarop jy dan kan mediteer. Hierdie woord of frase word dan eintlik jou mantra.

DIE KEUSE:

Die kwesbare punt van kontemplasie en alles wat daarmee gepaard gaan is en was nog altyd dat dit geen Skriftuurlike basis het nie. Die keuse is duidelik: Óf ons kom na God op sy voorwaardes, óf ons doen soos mense dit goed vind. Om na God te probeer gaan deur maniere en tegnieke wat die mistici van die Donker Eeue van die Ooste geleen het is nie God se manier nie.

Vir meer inligting kry ons stel van 4 DVDs: New Age Okkultiese Praktyke in die Kerk. Sien ook ons nuusbrief, ***Sentinel*** 2005-sp1, Mistieke Oosterse Praktyke in die Kerk?

KIES *WAARHEID VS DIE LEUEN*
TRUTH VS THE LIE

Posbus 8009
EDLEEN
1625
Tel 082-920-3545
E-pos: kies_ciec@telkomsa.net
Web: http://www.gksa.org.za/kies

3. Klink dit nie baie na wat Hindoe, Shakti Gawain, gesê het nie?

Meditasie

Is dit vir die Christen?

Gedurende die laaste dekade veral is daar 'n toenemende belangstelling in meditasie onder Christene. Hierdie belangstelling word al meer aangehelp deur sommige leraars. Meditasie word selfs deur sommige gemeentes van die Gereformeerde geloof aangebied. Dr Willem Nicol (NGK) is instrumenteel in hierdie rol en het reeds enkele boeke oor hierdie onderwerp die lig laat sien.

Wanneer iemand beswaar maak teen meditasie gebeur een van twee dinge, of albei: Die beswaarmaker word as 'n verdagmaker afgemaak of daar word na die Bybel gegryp en gewoonlik word Engelse vertalings aangehaal waarin die word *meditation* voorkom. Dit is natuurlik so dat die woord *meditation* in meeste Engelse vertalings voorkom, terwyl dit nie so is met die Afrikaanse vertalings nie. Wanneer na die konteks (ook in die Engels) gekyk word dan is dit duidelik dat hier geensins sprake is van die tegniek om die gedagte *leeg te maak*, soos wat deur die Oosterse metode vereis word nie. Dit gaan oor die oordink of bepeinsing van God se woord, jou eie lewe en verhouding met God en Jesus Christus in die lig van die gelese gedeelte. Dit behels nie die wag in stilte waartydens daar oor niks gedink word (indien dit enigsins moontlik is) sodat God die geleentheid gegee moet word om 'n gedagte in jou kop te plaas, of dan nou met jou te praat nie. Andersins word die sogenaamde Christelike meditasie beskryf as "Skrifmeditasie handel oor die kuns van Bybellees. Nie net ek is besig met die teks om te verstaan nie, maar ook die teks is besig met my. 'n Tyd van stilte waarin die aandag telkens teruggebring word na die deel van die teks wat my nou die meeste tref, werk vir die meeste goed."[1.] (Advertensie: ***Gereformeerde Teologiese Vereniging, Pretoria*** vir die vergadering op 18 Junie 2007 in die Geref kerk Brooklyn, kerksaal met Dr Willem Nicol.)

So lees ons op die agterblad van ***Kerkbode*** 11 Mei die volgende in 'n reeks deur Chris Jones: "Oosterse meditasie gaan oor losmaking van sondes, ja, maar 'n vasmaking aan God." Met hierdie woorde gooi Jones alles wat Jesus Christus vir jou en my kom doen het summier soos vuil waswater by die agterdeur uit.

Dit is dan juis hierdie stilword wat as *Christelike*

1. Sien **lectio devina** verder aan.

meditasie al meer binne kerklike kringe aangemoedig word. Dit is belangrik om op hierdie stadium te noem dat meditasie die stap tot die volgende en dieper stilte is—kontemplasie (gebed van stilte, sentreringsgebede of gebed van die hart). Die mistiek speel hierin 'n belangrike rol.

Nicol skryf soos volg op bls 10 van ***Gebed van die hart***: "Ons gaan reis deur en tot anderkant Christelike meditasie. Ons wil uitkom by *Christelike kontemplasie* (die gebed van die hart)." Op dieselfde bladsy waarsku hy: "'n Mens moet nie die stilte gebruik om na *besondere* ervarings te soek nie." Hy stel die teendeel op bls 44, "In die mistiek gaan dit oor ervarings wat anderkant die rasionele lê." Wat sê hy nou eintlik vir ons? Is ervarings in of is dit uit? Oor die "anderkant die rasionele lê" kan daar baie gesê word, maar plek ontbreek daarvoor. Hierdie verwarring oor ervarings laat mens wonder hoe rasioneel is Nicol werklik?

Die voorstanders van hierdie tegnieke verwys altyd na verskeie mistici van die verlede, sowel as die meer onlangse. So deur die loop van hierdie traktaat sal daar na enkeles verwys word.

Brennan Manning beskryf hierdie stilword as volg: 1.) Dit is nodig om op te hou om aan God te dink. 2.) Doen dit sonder om jou lippe te beweeg, herhaal die heilige woord of frase innerlik, stadig en gereeld. 3.) Tydens stap drie moet jy iets doen wanneer afleidende gedagtes opduik. Die antwoord lê daarin dat jy net na jou heilige woord of frase luister—keer net sag terug na jou woord.

Nicol stel dit so: "Vir die doel van die oefening moet jy iets kry waarop jou aandag kan rus. Party mense hou 'n kers dop en ander luister na natuurgeluide. Ek verwys na 'n baie maklike saak...*asem*...Die praktyk is dat 'n mens, nadat jy rustig geword het, jou gebedswoord sag inbring...Telkens wanneer jy dan van enige ander gedagtes bewus word, keer jy net saggies met behulp van jou gebedswoord terug na jou rus in God." (pp. 90 & 126)

Hierdie herhaling van 'n woord of frase is niks anders as 'n mantra nie. Nicol probeer dit ontken: "Jou gebedswoord is dus nie 'n mantra nie maar net 'n hulp...(bls 127). Hy mislei goedgelowiges wat sonder oordeel lees en nie die kennis het nie. (Hosea 4:6). Donning se Psigiese (Psychic) Ensiklopedie definieer dit so: "Mantra: used as a point-of-focus while meditating; sound can be a syllable, word, or series of words or syllables..."

Hierdie is die enigste manier om werklik jou gedagtes stil te maak—dit in neutraal te skakel. Sonder herhaling kom jou eie gedagtes (afleiers) doodeenvoudig in die pad. Ons kan nou maar net eenvoudig nie ons gedagtes afskakel nie, maar kan dit wel doen deur herhaling. Dit plaas jou in 'n veranderde bewussynstoestand (altered state of consciousness—hipnotic trance). Hindoes beoefen hierdie praktyk al vir eeue. Laat ons kennis neem van wat 'n Hindoe (wat baie beter behoort te weet!) hieroor sê: "Almost any form of meditation will eventually take you to an experience of yourself as source, or your higher self...Eventually you will start experiencing certain moments during your meditation when there is a sort of 'click' in your consciousness and you feel like things are really working; you may even experience a lot of energy flowing through you or a warm radiant glow in your body. These are signs that you are beginning to channel the energy of your higher self." (Shakti Gawain: ***Creative Visualization***, Nataraj Pub, Novato, 2002: agterblad).

Jy maak dus met die misleidende gedagtes binne jouself kontak—dat jy eintlik self God is.

Bevestiging kom van Ken Kaisch, 'n Episkopaalse priester wat mistieke gebed aan ander leer: "Meditation is a process through which we quiet the mind and the emotions and enter directly into the experience of the Divine...there is a deep connection between us...God is in each of us." (***Finding God***)

William Shannon, 'n Rooms Katolieke priester vertel die verhaal in sy boek, ***Silence on Fire***, van 'n gesprek met 'n ateïs en aspirant bruidegom: "You will never find God by looking outside yourself. You will only find God within...that you will be able to 'know' that there is indeed a God and that you are not separate from God."

Alice Baily, okkultis en stigter van die Teosofiese Vereniging vat dit so saam: "Occultism is awakening the mystical faculties to see God in everything. In Hinduism, this is called samadhi or enlightenment. It is the final objective of yoga meditation[2]: God in everything—a force or power flowing through all that exists." (Bron: Ray Yungen, ***A Time of Departing***, Lighthouse Trails Pub, 2006.)

Die waarheid is dat die verkondigers van kontemplasie net daarin slaag om hulle ongeloof te demonstreer. Is Christus se voltooide werk aan die kruis nie vir hulle genoeg nie? Waarom moet hulle hulle twyfel met gelowiges deel? In hierdie tegnieke is daar net te veel verwarrende inligting wat goedgelowiges sal wegswaai van die kennis van God se Woord na 'n misleidende reis na binne waarin daar gewag moet word vir God om direk in jou gedagtes te praat.

DIE GOD BINNE JOU:

Hierdie is 'n belangrike konsep om te verstaan. Volgens Oosterse godsdienste, okkultiese konsepte en New Age praktyke is God in alles en alles is in God (panenteïsme) en God is alles en alles is God (panteïsme). God is dus in alle mense en die mens kan self goddelik of God wees. Die doel van meditasie is dus om hierdie innerlike god te vind.

Dit is belangrik om te let op wat Francis Schaeffer (teoloog) reeds sowat 40 jaar gelede geskryf het: "Bykans alle vorme van die nuwe mistisisme bring groter aanvaarding van panenteïsme [God is in alles]. Die Weste en Ooste is besig om in mekaar verweef te raak want hierdie panteïstiese en panenteïstiese konsepte is van die sterkste elemente wat hierdie binding teweegbring." (***The God Who Is There***, Intervasity Press, 1968:66)

Nicol sien ook geen probleem hiermee nie: "Nie-Christene word ook genooi, veral dié wat in meditasie belangstel. In baie godsdienste word die waarde van stilte op verskeie maniere ondervind, en in soverre dit goed is, kom dit tog van God af, sodat ons ervarings die paaie na mekaar en na Hom vir ons behoort oop te maak." (bls 14) [God—maar watter God?] Hoe oordeel mens of iets wat goed is wel van die ware God af kom? Brian Flynn, eens op 'n tyd 'n New Age spiritistiese medium, sê dat hy binne die New Age ervarings gehad het, dat dit goed was en dus van God moes gewees het. Later nadat Jesus Christus hom gered het erken hy die misleiding en valsheid van al hierdie goeie ervarings! (***Running Against The Wind*** en sy DVD, ***Transformation of a New Age Medium to Jesus***.)

Nicol, een van die *voor manne* in die NGK, skroom nie om die volgende siening van God te propageer nie! "Die geloof in sy *transendensie*—dat Hy [God] meer is as die heelal—stry nie vir ons teen ons geloof in sy *immanensie* nie—dat Hy in alles en alles in Hom is." "[God] is in alle dinge teenwoordig." (***Gebed van die hart***: 52 & 170)

Rick Warren van *Doelgerigte Lewe-faam* staan nie agter wat hierdie siening aanbetref nie. "The Bible says, *'He [God] rules everything and is everywhere and is in everything.'*" (Ef 4:6b ***New Century Version-vertaling, 1991,*** soos aangehaal op bls 88, ***The Purpose Driven Life***)

Die volgende persone beskryf hulle ervarings van hierdie okkultiese invloede in die Kerk as volg:

"Ek was stomgeslaan toe ek ontdek dat vele demoniese invloede wat ek afgelê het toe ek 'n Christen geword het se populariteit in die Kerk toegeneem het en as Christelike ervarings beskryf word, en hierdie neiging is besig om toe te neem." (Alan Morrison, ***The Serpent and The Cross***)

"Verskeie spirituele praktyke is besig om pos te vat in ons kerke, en soos 'n ysberg lyk dit mooi en indrukwekkend op die oppervlak, maar kan nietemin groot skade aanrig aan die Evangelie van Jesus Christus." (Ray Yungen, ***A Time of Departing***, Lighthouse Trails Publishing, 2002:32)

"After Brian became a born-again Christian [from a New Age psychic], much to his shock and dismay, he found within the evangelical church the very practices that had characterized his life in the New Age." (Pastor Bob DeWaay, Twin City Fellowship, Minneapolis, Foreword, Brian Flynn, ***Running Against The Wind***, Lighthouse Trails Publishing, 2005)

Richard Foster, een van die vele wat deur hierdie voorstanders aangehaal word, waarsku (*mind you!*) "I also want to give you a word of precaution. In the silent contemplation of God we are entering deeply into the spiritual realm, and there is such a thing as a supernatural guidance. While the Bible does not give us a lot of information on that, there are various orders of spiritual beings, and some of them are definitely not in cooperation with God and his way! But for now I want to encourage you to learn and practice prayers of protection. At the outset I need to give you a word of warning, a little like the

2. Ons kry naas *Christelike* meditasie ook *Christelike* joga wat selfs in kerke aangebied word. Beide is natuurlik onversoenbare begrippe!